# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**AUGUSTUS 2021**

**EKSAMEN**

**GRAAD 12**

**PUNTE : 70**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit _12_ bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Roman
   AFDELING B: Drama

3. Beantwoord AL die vrae.

   **AFDELING A: ROMAN**
   Beantwoord die vrae oor die roman, ***Lien se lankstaanskoene***, wat julle bestudeer het.

   **AFDELING B: DRAMA**
   Beantwoord die vrae oor die drama, ***Paljas***, wat julle bestudeer het.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling versigtig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

7. Voorgestelde tydsindeling: Gebruik ongeveer 60 minute per afdeling.

8. Skryf netjies en leesbaar.

**STERKTE!!**

## INHOUDSOPGAWE

Kies **TWEE** afdelings



| **AFDELING A: ROMAN**<br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. Kringe in 'n Bos | 35 | |
| 2. Die ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom | 35 | |
| 3. Meeulanders | 35 | |
| 4. Lien se lankstaanskoene | 35 | 4 |
| | | |
| **AFDELING B: DRAMA**<br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. Poppie – Die Drama | 35 | |
| 6. Paljas | 35 | 8 |
| 7. Fiela se kind – Die Drama | 35 | |
| | | |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8.1 "Van Precious: 'n Buisie salf" | 35 | |
| 8.2 "Roep van die vleikuiken" | 35 | |
| | | |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 "Boekmerk" | 18 | 12 |
| 9.2 "Die Boodskapper" | 17 | 14 |

**AFDELING A: ROMAN**

Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE*** (Derick van der Walt)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS A**

Dirkie en Donovan knor steeds vir mekaar. Lien kan nog nie agterkom waaroor nie. Daar is 'n paar *regulars* in die salon, soos Donovan hulle noem. Lien vee en vee en maak koffie en antwoord die telefoon en vee. Sy wonder of 'n mens nie iets met al die hare kan doen nie. Dalk kussings vir die armes maak of so iets.

Teen drie-uur kom 'n lang, maer meisie met 'n stootwaentjie die salon binne. Sy moet 'n ou bekende wees, want Dirkie en Donovan *freak* omtrent uit. Dis Sue-Ellen Swanepoel en haar baba, besef Lien.

Sue-Ellen lyk soos Lien haar voorstel iemand met die naam Sue-Ellen moet lyk. Sy is lank en maer, soos 'n model wat aan anoreksie ly, en sy het 'n bos blonde hare wat Patricia Lewis jaloers sou hê. Lien kan skaars glo Sue-Ellen het onlangs 'n baba gehad as sy na die maer lyf kyk. Sy het die langste naels wat Lien nog ooit gesien het. Bloedrooi. Lien kan nie dink hoe sy ooit iets in die salon gedoen gekry het met sulke naels nie, wat nog te sê 'n baba se doek omruil.

Sue-Ellen parkeer die stootwaentjie met die slapende babatjie in die hoek van die salon. Dirkie en Donovan koer om die stootwaentjie en maak aag-moeder-geluidjies.

"Dis nou Lien," sê Dirkie ná 'n rukkie en beduie na Lien wat ongemaklik eenkant staan en wonder of sy ook die koer-ding moet doen.

4.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Lien-hulle woon in ('n huis/'n woonstel). (1)

4.2 Lien werk hard in die haarsalon.

4.2.1 Hoe word daar beklemtoon dat Lien baie moes vee? (1)

4.2.2 Noem EEN van Lien se take in die haarsalon wat NIE in die uittreksel genoem word nie. (1)

4.3 Lien het nodig om te werk.

4.3.1 Gee twee redes waarom Lien nodig het om te werk. (2)

4.3.2 Gee die twee redes waarom Lien nie haar twee werke kon behou nie. (2)

4.4 Dit gaan maar sleg in die Joostes se huis.

4.4.1 Hoe dra Ma by tot die verval in die huis? (1)

4.4.2 Hoe hanteer Braam die situasie in die huis? (1)

4.5 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (4.5) neer.

Lien se plan is om ná matriek ...

A. 'n prokureur te word.
B. saam met Braam en haar ma te reis.
C. weg te vlug oorsee.
D. 'n aktrise te word. (1)

4.6 Die "meesterstuk" word aan die kinders voorgelees.

4.6.1 Gee die naam van die "meesterstuk". (1)

4.6.2 Watter rol vertolk Lien in die "meesterstuk"? (1)

4.7 Skryf die vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Lien begin bedel op die straat.
- Miemie nooi Lien na die Wimpy om haar verjaardag te vier.
- Lien ontmoet vir Kuifie en vind hom te lig.
- Braam vra vir Dirkie en Donovan vir borgskap. (4)

4.8 Waarom het Sue-Ellen daardie dag by die salon kom kuier? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

Dirkie loer vir haar deur die Uno se venster.

"Het jy hom gekry?" roep hy.

Lien klim in. Sy maak die sitplekgordel vas en draai die venster oop.

"Ek dink nie hy gaan dit maak nie. Dit gaan sleg met hom en hy weet dit," sê sy na aan trane.

Die Uno ruk toe Dirkie wegtrek.

"Hy sal seker oukei wees," probeer hy troos. Hy druk met sy linkerhand op Lien se arm. Sy ruk weg.

"Oukei! Oukei se voet."

Sy kyk na die karre in die straat en die horde stalletjies op die sypaadjie

voor die hospitaal waar mense enigiets van selfone tot papajas verkoop. Is daar een ander mens op hierdie hele aarde behalwe sy wat omgee dat Tibbey met afbene in 'n goor hospitaal lê, wonder sy.
Die jakarandablommetjies waaroor Dirkie stadig met die Uno se sukkelende koppelaar voortkruie, lê die straat vol. Die kar ruk elke keer as hy van ratte verwissel. Lien hoor hoe die blommetjies onder die kar se bande kraak.
"Kom ons doen 'n koffietjie," sê Dirkie toe hulle naby die teetuin in Annie Bothalaan is.
Lien sê niks nie. Dirkie parkeer op die sypaadjie. 'n Motorwag met 'n swart petjie groet vriendelik. "Kan ek maar kyk, meneer?" vra hy.
Dirkie brom iets. Hulle gaan sit onder 'n reuse-boom in die welige tuin.
Daar is 'n bont papegaai in 'n kou in die hoek op 'n tafel.

4.9 "Ek dink nie hy gaan dit maak nie."

4.9.1 Van wie praat Lien hier? Gee die persoon se naam. (1)

4.9.2 Hierdie persoon het sy bene in 'n ongeluk verloor. Verduidelik hoe die ongeluk gebeur het. Noem twee feite. (2)

4.10 Kies die beskrywing in KOLOM B wat by die persoon in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A-E) langs die vraagnommers (4.10.1 tot 4.10.4) neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 4.10.1 Tannie Bets | A. Hy het sy bene verloor. |
| 4.10.2 Miemie | B. Sy neem die rol van "moeder" oor in die huis. |
| 4.10.3 Sproet | C. Haar huislike omstandighede stem ooreen met Lien s'n. |
| 4.10.4 Mevrou Jooste | D. Hy laat haar baie goedkoop voel. |
| | E. Sy is opgeneem in 'n kliniek. |

(4)

4.11 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (4.11) neer.

Wanneer die suster vir Lien sê: "Maar vir dié mense is almal mos maar familie ...", kan ons sê

A. sy is 'n familiemens.
B. sy stereotipeer swartmense.
C. sy is 'n plat karakter.
D. sy hou baie van swartmense. (1)

4.12 Lien en Hein het gereeld gesit en gesels gedurende toneeloefening.

Som Lien en Hein se verhouding aan die begin van die roman op.

4.12.1 Hoe weet ons dat Hein baie van Lien begin hou het? (1)

4.12.2 Wat het Lien gedoen om Hein se vertroue in haar te breek? (1)

4.13. Daar is 'n paar temas in hierdie roman, byvoorbeeld:

- Verlies
- Geld
- Deernis

4.13.1 Watter EEN van hierdie temas kom die duidelikste in hierdie hoofstuk en die gebeure net voor hierdie hoofstuk na vore? (1)

4.13.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.13.1 en konsentreer op Lien. (1)

4.14 Sproet het vir Lien na sy woonstel geneem.

4.14.1 Waarom het Sproet vir Lien na sy woonstel geneem? (1)

4.14.2 Hoekom het Lien saam met hom gegaan? (1)

4.15 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies.

4.15.1 Christien se eerste besoek aan die kliniek was (suksesvol/onsuksesvol). (1)

4.15.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.15.1 deur net na die gebeure voor Christien se tweede besoek aan die kliniek, te verwys. (1)

4.16 Lien se vriend in die hospitaal het baie bang gelyk.

4.16.1 Sou hierdie jong man nog dieselfde dinge kon doen sonder Lien se hulp? Motiveer jou antwoord. (1)

4.16.2 Waarom het 'n hele klomp hane gekraai toe Lien vir die man sê alles sal regkom en hulle sal 'n plan maak? (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**AFDELING B: DRAMA**

**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

22. Katrien en Emma in Katrien se slaapkamer voor die spieëlkas. Emma sit vir haar ma in die spieël en kyk en Katrien is besig om Emma se hare te vleg.

EMMA: Ma stry verniet.
KATRIEN: Wat?
EMMA: Ek het oë in my kop. Ma loop met goed rond waaroor Ma nie praat nie.
KATRIEN: (*vinnig)*:Ag, ons almal seker maar.
EMMA: As Ma kon oor kies, sou Ma weer trou?
KATRIEN: (*verbaas)*: Hoekom vra jy dit?
EMMA: Oor ek wil weet.
KATRIEN: Ek het nog nooit daaraan gedink nie. (*'n Gespanne laggie.*) Kragtie, Emma, watse praatjies is dit?
EMMA: Ek gaan nooit trou nie.
KATRIEN: Hoekom nie? (*Emma antwoord nie.*) Emma? (*Emma sit net voor haar en kyk, sonder om iets in die spieël raak te sien.*) Jy's nog so jonk, my kind. Jy's heeltemal te jonk en mooi om nou al te moet bang wees.
EMMA: Ma was ook jonk. Ma was ook mooi. (*Ná 'n ruk.*) Ma is nog mooi. (*Ná nog 'n ruk.*) Ek hou niks van oom Frans nie.

Katrien kyk op. Hulle oë ontmoet in die spieël. Hulle kyk 'n hele rukkie vir mekaar.

KATRIEN: Hy is baie goed vir ons.
EMMA: Pa hou ook nie van hom nie.

Katrien begin weer vleg.

6.1 In watter dorp in Suid-Afrika woon die McDonalds? (1)

6.2 Emma en Katrien het 'n ernstige gesprek gevoer.

6.2.1 Hoe het Emma oor trou gevoel? (1)

6.2.2 Hoe het haar ouers tot hierdie besluit bygedra? (1)

6.3 Lees reëls 16 tot 18.

Wat besef Katrien wanneer haar en Emma se oë in die spieël ontmoet? (1)

6.4 "Ek hou niks van oom Frans nie.

6.4.1 Wat doen Frans om die gesin te help? (1)

6.4.2 Stem jy saam met die volgende stelling:

Frans se motiewe was nie suiwer nie.

Verduidelik waarom jy so sê. (1)

6.5 Hoe hanteer Emma die krisis in haar huis? (1)

6.6. Die McDonald-gesin leef bymekaar verby.

6.6.1 Gee EEN woord wat verduidelik wat die McDonalds NIE doen nie. (1)

6.6.2 Haal EEN bewys hiervan uit die drama aan. (1)

6.7 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (6.7) neer.

Katrien word dikwels deur 'n vensterraam of deur 'n treinvenster gesien. Katrien se ___ word daardeur gesimboliseer.

A. skoonheid
B. vroulikheid
C. gebrek aan grimering
D. gevangeneskap (1)

6.8 Wie het by die klein stasietjie opgedaag wat die McDonalds se lewens verander het? (1)

6.9 Die volgende stelling is WAAR. Verduidelik hoekom.

Manuel het Willem se vertroue gewen. (1)

6.10 Skryf die vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Hendrik en Katrien baklei langs die pad.
- Bertie gryp Emma aan die boud.
- Manuel kom aangestap met 'n olifant.
- Nollie laat Emma per ongeluk val. (4)

6.11 Wat het Manuel vir Willem geleer om te doen met sy hande? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

137. Hendrik, Katrien, Emma, Willem en Manuel is in die eetkamer bymekaar. Dis ná aandete.

Hendrik sit met pikgare en 'n dik naald 'n ou leersak se hingsel en vaswerk. Emma is besig om af te dek. Sy het 'n voorskoot aan. Katrien maak Manuel se narrepak reg.

KATRIEN: Ek weet nie of jy die regte ding doen nie, Manuel. Jy's nog ver van gesond af.
HENDRIK: Hy't miere, dis wat hy het. Of wat sê jy, Willem?
MANUEL: Dis seker maar waar – die storie van once a clown, always a fool. Ek mis die ou groot tent. Ek weet nie hoekom nie.
HENDRIK: Al wat ek weet is: hierdie hingsel gaan wragtig nie weer breek nie. (*Hy weegdie leersak aan sy vasgewerkte hingsel.)*
Manuel (*vat die sak by Hendrik)*: Dankie, Hendrik.
KATRIEN: Hierdie broek van jou het gate op plekke wat 'n broek liewer nie gate moet hê nie.

Willem is besig om met sy handskaduwee teen die muur 'n volstruis te maak.

WILLEM: Kyk, Manuel! (*Hy sien Manuel reageer nie en gaan staan reg voor hom. Manuel is 'n bietjie aangedaan.)* Haai, Manuel. Wat nou?
MANUEL: Nou niks.
WILLEM: Jy't gesê lag is beter as huil.
MANUEL (*ruk homself oombliklik reg)*: Julle was baie goed vir my.
HENDRIK: Wat praat jy nou? Jy't hierdie kind se tong weer losgeknoop!

6.12 "Jy's nog ver van gesond af"

6.12.1 Wat het met Manuel gebeur dat hy nie "gesond" is nie? (1)

6.12.2 Hoekom het hierdie persoon dit aan hom gedoen? (1)

6.13 Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A-E) langs die vraagnommers (6.13.1 tot 16.13.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.13.1 Manuel se paljas het gewerk. | A. Hy luister na skinderstories. |
| 6.13.2 Die dominee het huisbesoek by die McDonalds gedoen. | B. Hy doen toertjies. |
| 6.13.3 Manuel was gereed om terug werk toe te gaan. | C. Die McDonalds se verhoudings is herstel. |
| 6.13.4 Jan Mol is 'n moeilikheidmaker. | D. Hy vertrek met die trein. |
| | E. Hy begin met die stories oor satanisme. |

(4)

6.14 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (6.14) neer.

Die toneel waar Nollie vir Emma na die Volstruisdans vra, is

A. komies.
B. hartseer.
C. wreed.
D. spannend. (1)

6.15 Hendrik en Katrien het probleme in hulle huwelik gehad.

Som die misverstand op wat hierdie probleme tussen Hendrik en Katrien veroorsaak het.

6.15.1 Hendrik-hulle het baie rondgetrek. Hoekom het Hendrik dit aan sy gesin gedoen? (1)

6.15.2 Toe Katrien Hendrik se redes hoor, was sy baie geskok om dit te hoor. Wat sê sy vir Hendrik wat hom baie verbaas/skok? (1)

6.16 In hierdie drama word die karakters uitgebeeld as die volgende:

'n Protagonis, tritagonis en 'n antagonis.

Langs elke vraagnommer, pas die karakteruitbeelding by die karakter.

6.16.1 Hendrik is die hoofkarakter en dus die ___. (1)

6.16.2 Die dominee waarsku Hendrik teen die bose magte, dus is hy die ___. (1)

6.16.3 Manuel is die ___, want hy veroorsaak konflik. (1)

6.17 Daar is 'n paar temas in hierdie drama, byvoorbeeld:

- Eensaamheid
- Swak kommunikasie in gesinne
- Vriendskap

6.17.1 Watter EEN van hierdie temas kom die sterkste na vore in Hendrik se optrede en woorde in hierdie uittreksel? (1)

6.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.17.1 deur te verwys na wat Hendrik gedoen het. (1)

6.18 Beantwoord die volgende vrae.

6.18.1 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies.

Hendrik-hulle was (geskok/nie geskok nie) oor die behandeling wat hulle by die Volstruisdans gekry het. (1)

6.18.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.18.1 met 'n bewys uit die drama. (1)

6.19 Dink aan die volgende karakters in die drama:

- Oudokter
- Hendrik
- Jan Mol

Watter karakter, dink jy, het die grootste **negatiewe** invloed op Willem se lewe gehad? Motiveer jou antwoord deur te sê WAT die karakter gedoen het en HOE daardie aksie Willem se lewe negatief beïnvloed het. (2)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

**GROOTTOTAAL: 70**